# JONGSTE NUUS OOR KONSTRUKSIEWERK

## TYDELIKE VERKEERSIRKEL
## GOVEN MBEKIWEG EN DUINEFONTEINWEG

Die Stad Kaapstad gaan op 23 Augustus 2025 die seinbeheerde vierrigting-kruising by Duinefontein- en Govan Mbeki-weg in ’n tydelike enkelbaanverkeersirkel omskep as deel van die Stad se volgehoue pogings om vervoerinfrastruktuur op te gradeer en veiliger, meer betroubare openbare vervoer te voorsien.

Die kruising sal van 14:00 op 23 Augustus tot 06:00 die volgende oggend gesluit wees om die werk te voltooi. Die nuwe, tydelike verkeersirkel sal vir ongeveer 12 maande in plek bly.

### Wat om te verwag:

- Omleidingstekens sal duidelik vertoon word om motoriste te lei.
- Tydelike tekens sal geïnstalleer word om die veiligheid van alle padgebruikers te verseker.
- Wetstoepassingsbeamptes en verkeersbeamptes sal op die terrein wees en help om voldoening aan padveiligheid te verseker.

### Beplan asseblief vooruit

Motoriste word aangeraai om vir ekstra reistyd voorsiening te maak en alternatiewe roetes te beplan, waar moontlik.

**Vir meer inligting en projekopdaterings, besoek www.myciti.org.za/phase2a of volg MyCiTi Phase 2 op Facebook en X.**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Making progress possible. Together.